Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 21 Nov 2018
Page: 11

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Gebreke hou hulle nie weg van sport

Wilhelm de Swardt

Die grappie word vertel dat dit in die rugbyseisoen gevaarlik is om by Loftus verby te stap, want die kans is goed dat jy vir die Bulle kan uitdraf.

Dis wel net 'n grappie. Maar wees tog versigtig as jy met Shaun Anderson, Tukkies se Paralimpiese boogskutter, aan die gesels raak.

Dit blyk dat sy geesdrif vir dié sport aansteeklik is.

Die 29-jarige Denzil Rademaker kan daarvan getuig. Rademaker is met spina bifida gebore, wat maak dat hy sy hele lewe al in 'n rystoel is.

Tot vier maande gelede het hy nie aan enige sport deelgeneem nie. Dit het egter alles verander die dag toe hy Anderson by die Arnold Classic ontmoet en die Tuks-boogskutter opgewonde oor sy sport aan die praat geraak het.

Kortom, verlede naweek het Rademaker aan sy eerste boogskietkompetisie deelgeneem, en as dit van hom afhang, sal dit beslis nie die laaste keer wees nie. Hy spot en sê Anderson beskik oor die vermoë om ys aan Eskimo's te verkoop.

"Ná Shaun se 'loflied' oor sy sport kon ek nie anders as om 'n boog te koop nie. Ek oefen al van Julie af en geniet elke oomblik. My stamina en krag is nog nie heeltemal wat dit moet wees nie, maar ek werk daaraan."

Die 57-jarige Erik Schipper is ook deur die Tuks-boogskutter begeester om te begin skiet.

Tot verlede jaar was dit 'n geval van noem die fisieke uitdaging en die kans was goed dat Schipper dit sou aandurf. Hy het onder meer die Cape Epic-bergfietstoer voltooi, die Comrades-marathon gehardloop, en die Duzi-kanowedvaart asook die Halfysterman-byeenkoms 'n paar keer voltooi. Muurbal was sy ware passie.

Maar in een oomblik het Schipper se lewe dramaties verander. Hy was op pad huis toe op sy bergfiets ná 'n CrossFit-oefensessie toe hy deur die ligte van 'n aankomende motor verblind is en beheer oor sy fiets verloor het. Hy het in 'n sementsloot beland en sy nek gebreek. Sedertdien is hy 'n kwadrupleeg.

Soos die noodlot dit wou hê, het Schipper saam met Anderson in 'n saal van die Muelmed-hospitaal geëindig. Anderson was verlede jaar in 'n motorbootongeluk wat hom verlam gelaat het. 'n Paar jaar vantevore het hy sy arm in 'n motorfietsongeluk verloor.

Anderson en Schipper het aan die gesels geraak en die res is soos daar gesê word, geskiedenis. Schipper het verlede naweek ook die eerste keer aan 'n boogskietkompetisie deelgeneem.

Denzil Rademaker is met spina bifida gebore en is daarom aan 'n rystoel gekluister. Hy het vier maande gelede begin boogskiet en het pas aan sy eerste kompetisie deelgeneem. Foto: REG CALDECOTT

Weens sy gebrek is die boog aan Schipper se hand vasgemaak en het hy die pyl geskiet met 'n spesiale snellermeganisme wat aan sy oor gekoppel was.

Hy erken dat daar nog baie harde werk op hom wag voordat hy werklik mededingend sal kan deelneem, maar dit klink asof die gogga gebyt het.

Soos met ál die vorige kere sal hy nie ophou voordat hy die nuwe uitdaging bemeester het nie.

Gevra wat hom motiveer, sê Schipper terwyl hy in die Muelmed-hospitaal behandel is, het hy besef hoeveel hy nog het om voor dankbaar te wees.

"Daar was 15-jariges wat hul rug gebreek het. Ek is ook betrokke by die Meerhof-skool. As jy die terugslae sien wat kinders moet oorkom, dan mag niemand kla nie. Ek was gelukkig dat ek baie avonture kon beleef. Nog belangriker is dat ek ongelooflike vriende en familie het."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.